

DR. H.F. VERWOERD SE NEDERLANDSE AFSTAMMING: PERSEPSIES EN REALITEIT¹

H.O. Terblanche²

Summary

Dr HF Verwoerd (1901-1966) was one of the most controversial South African statesmen of the twentieth century. His Dutch descent (he was born in Amsterdam) is a factor that could not be ignored. Many historians and political commentators were of the opinion that Verwoerd's thinking and concerns were typically Dutch. Verwoerd obsessively identified himself with the Afrikaner people, being inevitably aware of the fact that his foreign birth had set him apart. Despite his foreign origins, he epitomised Afrikanerdom. The fact that Verwoerd has been born in the Netherlands was a sensitive issue to the Dutch. Because Verwoerd was regarded as the architect of apartheid, many Dutchmen were highly critical of him. They regarded him as one of the most hated politicians of his time. However, there were also Dutchmen who felt very positive about Verwoerd. Some even thought that it was a pity that he had never been invited to visit the country of his birth. Verwoerd was deeply aware of the special ties of kinship between the Netherlands and South Africa. He expected more sympathy from the Dutch government as regards his racial policies and he strongly condemned their anti-apartheid stance.

INLEIDING

Dr. H.F. Verwoerd (1901-1966), wat algemeen bekend staan as die argitek en grondlegger van die beleid van groot apartheid, was een van die mees omstrede Suid-Afrikaanse staatsmanne van die twintigste eeu. In 2001 was dit net mooi 'n honderd jaar sedert sy geboorte in Amsterdam. Die Nederlanders sou om begryp-lyke redes sensitief wees oor Verwoerd se Hollandse afkoms.

Nederlanders sou hulle ook daarvoor skaam dat apartheid internasionaal die mees bekende "Nederlandse" woord was. Apartheid is wel 'n Nederlands-klinkende woord, tog het dit in Suid-Afrika 'n heel ander betekenis gekry as wat dit ooit in Nederland gehad het.³

¹ Hierdie artikel is 'n verwerkte weergawe van 'n referaat gelewer deur die skrywer by die Tweede Bilaterale Konferensie van Nederlandse en Suid-Afrikaanse historici, gehou te Wassenaar, 6-8 Julie 2000. Finansiële ondersteuning deur die Afdeling vir Sosiale en Geesteswetenskappe van die National Research Foundation word hiermee erken.

² Departement Geskiedenis, UPE.

³ BJH de Graaff, *Apartheid. Een aanzet tot begripsbepaling* (Amsterdam, 2000), pp. 1-11.

Vanweë onderlinge verwantskapsgevoelens het Nederlanders hul emosioneel betrokke gevoel by gebeurtenisse in Suid-Afrika. In 'n sekere sin is die Nederlanders se skuldgevoelens oor hul verlede op Suid-Afrika geprojekteer. Hulle het in die Afrikaners die slegte ewebeeld van hulself gesien.

Daar is outeurs wat van mening is dat die Nederlandse teoloog, joernalis en politikus, dr. A. Kuyper, se leer van "soevereiniteit in eigen kring" 'n belangrike inspirasiebron vir Afrikaner-nasionalisme en die apartheidsbeleid was. 'n Noodwendige uitvloeisel van Kuyper se leerstelling was die daarstelling van "een verzuilde maatschappij". Die skeidslyne was religieus en lewensbeskoulik van aard; nóg taal, nóg ras het 'n rol gespeel. Sommige outeurs en kommentators het nietemin die stelsel van **verzuiling** in verband met die latere apartheidsbeleid gebring.⁴

Dit is insiggewend om daarop te let dat Verwoerd se vader as jongman by die Anti-Revolutionaire Partij waarvan Kuyper die leier was, aangesluit het. Die jong Wilhelm Verwoerd het Kuyper se teologiese werke gelees en bestudeer en was sy hele lewe lank een van sy bewonderaars. Dr. Verwoerd het meermale aan sy biograaf, GD Scholtz, genoem dat sy vader 'n bewondering vir Kuyper gehad het.⁵

Bonny Schoonakker het in 'n artikel tydens koningin Beatrix se staatsbesoek aan Suid-Afrika in 1996 'n duidelike verband tussen apartheid en **verzuiling** getrek: "The family resemblances between **verzuiling** and apartheid ... are compounded by the matter of Hendrik Verwoerd, born in Amsterdam ... Verwoerd's thinking and concerns were so typically Dutch ..." Die Nederlanders se verset teen apartheid was dan ook "in direct proportion to the degree to which they recognised in it something of themselves". Vandaar sy stelling: "In this family, familiarity has bred much contempt."⁶

HJ Schoo het in 'n spesiale gedenkuitgawe van die weekblad, **Elzevier**, **verzuiling** bestempel as "deze politiek van segregatie". Arendo Joustra het op sy beurt na **verzuiling** verwys as "de vaderlandse apartheid". GJ Schutte sou hom hieroor as volg uitlaat: "De verzuilde maatschappij had haar eigen kenmerken bezeten, een ge-

⁴ GJ Schutte het in 'n paar artikels die vraag aan die orde gestel "of de geestelijke wortels van apartheid zich in Nederland bevonden". Kyk "De antirevolutionaire richting" en "Nederland het stamland van de apartheid?" in: *Nederland en de Afrikaners. Adhesie en aversie* (Franeker, 1986), pp. 143-69, 185-204; Schutte, "The Netherlands, cradle of apartheid?" *Ethnic and Racial Studies*, Oktober 1987. Wat die invloed van Kuyper se neo-Calvinisme betref, kyk ook Bettina Schmidt, *Creating order: Culture as politics in 19th and 20th century South Africa* (Doctoraalproefschrift, Katholieke Universiteit Nijmegen, 1996), pp. 113-42, 245-50, 254-8, 296-7, 303-4.

⁵ GD Scholtz, *Dr. Hendrik Frensch Verwoerd 1901-1966*, Eerste band (Johannesburg, 1974), p. 6.

⁶ Bonny Schoonakker, "A house divided by the familiar", *Sunday Times*, 29 September 1996.

scheiden naast elkaar bestaan van volksdelen, wat oppervlakkig gezien wel enigszins op 'eigensoortelike ontwikkeling' leek."⁷

Die bekende Nederlandse skrywer, Adriaan van Dis, het met verwysing na die bemoeienis van Nederland met Suid-Afrika, verklaar: "Verwoerd was naamlik 'n Hollander, en jy moet eintlik 'n Hollander wees - bekend met die suile-stelsel - om apartheid te kan bedink." Volgens hom kan die Nederlanders se beheptheid oor die jare met Suid-Afrika aan 'n skuldgevoel toegeskryf word.⁸

Volgens die Nederlandse historikus, MH van Meurs, het die idee van apartheid op 'n vyftal vry algemeen aanvaarde opvattinge berus. Een van die opvattinge was: "(e)en bepaalde interpretatie van het calvinisme, meer in het bijzonder van Kuypers opvatting aangaande soevereiniteit in eigen kring."⁹

NEDERLANDSE VOOROUERS

Die familie Verwoerd kom oorspronklik van die dorpie Bodegraven, geleë aan die Oude Rijn tussen Utrecht en Leiden in die provinsie Suid-Holland. Dr. Verwoerd se vader, Wilhelm Johannes (1874-1961), is in Nieuwer Amstel gebore. Die familie Verwoerd het hul later in Ouderkerk aan de Amstel, in die suidelike buitewyke van Amsterdam, gevestig. Verwoerd se moeder, Anje Strik (1873-1940), is in Grijpskerk gebore, 'n dorpie geleë op die grens van die provinsies Friesland en Groningen.

Wilhelm Johannes en Anje is in 1898 getroud. Op 8 September 1901 is 'n tweede seuntjie vir die Verwoerd-egpaar in Amsterdam gebore. Sy naam was Hendrik Frensch. Die huis waarin hy gebore is, was in Jacob van Lennepkade 16 geleë.

Verwoerd is einde November 1903 deur sy immigrante-ouers uit Nederland per skip na Kaapstad gebring. Klein Hendrik was toe 'n seuntjie van iets meer as twee jaar en twee maande.

Verwoerd het, aldus sy biograaf (GD Scholtz), die volgende karaktereienskappe en -trekke besit wat hom aan sy afkoms herinner het:

⁷ De Nederlanders. In woord en beeld, feiten en cijfers (Speciale Jubileumuitgawe ter geleentheid van 50 jaar. Elsevier, Amsterdam, 1995), pp. 29, 158; Schutte, *Nederland en de Afrikaners*, p. 66.

⁸ Gawie Keyser, "Nederland krap koloniale gewete", *Zuid-Afrika*, Maart 1998.

⁹ MH van Meurs, "De idee van apartheid" (Referaat gelewer by die Tweede Bilaterale Konferensie van Nederlandse en Suid-Afrikaanse historici, gehou te Wassenaar, 6-8 Julie 2000). Kyk ook AP Treurnicht, *Credo van 'n Afrikaner* (Kaapstad, 1975), pp. 1-5, 12-20.

- Beginselvastheid en onversetlikheid.
- Openhartigheid.
- Nugterheid.
- Sy logiese vermoë.¹⁰

Verwoerd se Hollandse afkoms kan as politieke faktor nie geïgnoreer word nie, nóg in Suid-Afrika, nóg in Nederland. In dié verband sou persepsies in velerlei opsigte die toon aangee. Oor die geldigheid van die persepsies kan uiteraard gedebatteer word. Opvallend is ook die feit dat sommige outeurs en kommentators van die persepsies bloot by andere oorgeneem het.

DEUR DIE OË VAN SUID-AFRIKANERS

Talle kommentators was die mening toegedaan dat Verwoerd homself moes bewys as Afrikaner. Dawie, politieke rubriekskrywer van *Die Burger*, beweer dat Verwoerd van sy "nadeel" (sy Hollandse afkoms) pynlike ondervinding gehad het en dat hy daarvoor gevoelig was. Tog het hierdie feit, aldus Dawie, "gebyk geen beslissende nadeel in dr. Verwoerd se vordering na die hoogste magsposisie in die land en 'n ongeëwenaarde gesagsposisie in die Afrikanergeleedere te wees nie". 'n Oënskyynlike nadeel of gebrek kan egter tot 'n magtige bate omskep word. So kan die seun met iets vreemds in sy samestelling in die oë van sy omgewing, 'n onweersaanbare wil ontwikkel om aanvaar te word. 'n Enorme dryfkrag kan gevoed word deur 'n bepaalde gevoel van minderwaardigheid. Volgens Dawie was Verwoerd se Nederlandse geboorte die rede waarom sy dryfkrag en die drang om te lei so intens was: "Hy moes worstel en werk om bo uit te kom, meer as ander wat in die versoeking raak om op afkoms en oorgeërfde Suid-Afrikaanse agtergrond staat te maak."¹¹

Piet Meiring, wat jare lank nou met Verwoerd saamgewerk het, sê dat Verwoerd in hart en niere Afrikaner was: "Hy het byna met die Afrikaanse instellings gedweep en hom daarin verlustig om sy trou daaraan te bewys."¹² Die feit dat hy in Holland gebore is, het gemaak dat Verwoerd sy Afrikanerskap vir homself en vir ander moes demonstreer. Nie dat dit nie eg by hom was nie, aldus Meiring.¹³

¹⁰ HO Terblanche, "Dr. H.F. Verwoerd se Hollandse afkoms: sy Achilleshiel?" (Referaat gelewer by die Tweede Bilaterale Konferensie van Nederlandse en Suid-Afrikaanse historici, gehou te Wassenaar, 6-8 Julie 2000).

¹¹ Dawie, "Hy was ons magtigste leier", *Die Byvoegsel tot die Burger*, 10 September 1966.

¹² Piet Meiring, *Ons eerste ses premiers* (Kaapstad en Johannesburg, 1972), p. 125.

¹³ Piet Meiring, *Die Transvaler 50 jaar* (Johannesburg en Kaapstad, 1987), p. 13.

Van Verwoerd se eertydse kabinetkollegas deel hierdie siening. Ben Schoeman noem dat Verwoerd 'n fanatieke Afrikaner was voordat hy Eerste Minister geword het: "Hy het altyd gepraat van ons voorouers, ons roemryke verlede en ons Afrikanerhelde, alhoewel hy geen gebore Afrikaner was nie. Dit was asof hy hom en sy ondersteuners van sy Afrikanerskap wou oortuig."¹⁴ Paul Sauer se biograaf meld ook dat Verwoerd "'n hartstogtelike, eintlik 'n oorywerige Afrikaner" was.¹⁵ Die indruk word dus geskep dat dit by Verwoerd 'n geval was van Roomser as die Pous wees; soos die kolonis wat lojaler as die Engelsman self is. J.L. Basson wys daarop dat Verwoerd as hoofredakteur van **Die Transvaler** "meer Transvaler geword (het) as die Transvaler self". Die republikeinse strewe het byna 'n leefwyse by hom geword.¹⁶ In 1938 het Verwoerd in 'n toespraak voor die Rotariërs verklaar dat hy 'n "extreme Afrikaner" was. Daar was groot waardering by die Engelsprekende gehoor vir sy standpunt.¹⁷

Koerantmanne het soortgelyke ervarings gehad. Schalk Pienaar vertel: "Asof dit die natuurlikste ding ter wêreld is, het hy (Verwoerd) homself beskou as die leier van die Afrikaners en as arbiter oor wat vir die Afrikaners goed of sleg is." Pienaar herinner homself aan iemand wat gesê het: "Suid-Afrika het nog net twee werklik gevaarlike manne gehad: die een Duits gebore en die ander een Nederlands gebore - lord Alfred Milner en dr. Hendrik Verwoerd."¹⁸ Pienaar wat soms heftig van Verwoerd verskil het, het ook na hom verwys as "die verdomde Hollander".¹⁹

Volgens Dirk Richard sou Verwoerd se Nederlandse herkoms 'n groot rol in sy politieke jare speel - "veral in daardie aanloopjare tot Afrikaner-aanvaarding. Hy moes eers die Afrikaner se Germaanse agterdog vir vreemdelinge uitwis. Dit was die dryfkrag agter die strewe om nie net sy Afrikanerskap bo enige twyfel te bewys nie, maar ook om heel bo uit te kom. Die intensiteit en kragdadigheid waarmee hy hom met die Afrikaner vereenselwig het, het in sy koerantjare (as eerste redakteur van **Die Transvaler**) die duidelikste uitgeslaan. Só fel was dit, dat hy die vereistes vir goeie joernalistiek opgeoffer het op die altaar van die politiek".²⁰

Richard verwys ook na die aandeelstate van adv. J.G. Strijdom en Verwoerd (uit die vyftigerjare). Albei het slegs aandele in Afrikaanse ondernemings gekoop. Dit was 'n belangrike aspek van die stryd om Afrikaners te bemagtig en uit 'n onderhorige

¹⁴ Ben Schoeman, *My lewe in die politiek* (Johannesburg, 1978), p. 288.

¹⁵ Dirk en Johanna de Villiers, *Paul Sauer* (Kaapstad, 1977), p. 121.

¹⁶ J.L. Basson, *J.G. Strijdom. Sy politieke loopbaan van 1929 tot 1948* (Pretoria, 1980), p. 198.

¹⁷ Scholtz, *Dr. Hendrik Frensch Verwoerd 1901-1966, Eerste band*, p. 77.

¹⁸ Schalk Pienaar, *Getuie van groot tye* (Kaapstad, 1979), p. 50.

¹⁹ A. Mouton, "'Reform from within': Schalk Pienaar, the Afrikaans press and apartheid," *Historia*, Mei 2000 pp. 156-7.

²⁰ Dirk Richard, *Moedswillig die uwe. Perspersoonlikhede in die Noorde* (Johannesburg en Kaapstad, 1985), p. 50.

posisie op te hef, veral in Johannesburg. Insiggewend wat die aandeelstate betref, is die feit dat Strijdom teenoor "Nasionaliteit" "Suid-Afrikaans" ingevul het, en Verwoerd "Afrikaner".²¹

Die Kanadese geleerde, Dan O'Meara, wys ook daarop dat Verwoerd "seemed driven by the need to prove his own credentials". Volgens hom is Verwoerd aangevuur deur "the maximalist fanaticism of the convert whose proclaimed ethnic allegiances were always being questioned behind his back".²² Henry Kenney verwys na Verwoerd as "a full time super-Afrikaner" en "a totally committed Afrikaner nationalist". Verwoerd se posisie "was tortured and ambiguous, Afrikaner as he was by adoption and not birth. Proving himself was a never-ceasing endeavour."²³ Vir Kenney was Verwoerd iemand "who identified obsessively with the Afrikaner people, inevitably aware as he was that his foreign birth had set him apart. Like so many outsiders, his involvement with his adopted people was total."²⁴

Kenney gee 'n goeie ontledende opsomming van die betekenis van Verwoerd se Hollandse afkoms: "He grew up as an Afrikaner, to all intents and purposes he was an Afrikaner, but one thing was lacking: he was not born an Afrikaner ... Not one of his ancestors was an Afrikaner. In his chosen career he could not but be acutely aware of his liability. He took the way typical of a convert: he set himself to be an Afrikaner of Afrikaners ..." Kenney verklaar in dié verband "that the foreigner who identifies with a 'nation' has an advantage. He does so by deliberate choice ... He wills his nationalism." En daarom volg dit dat "the foreign-born nationalist becomes superior to the indigenous type. He can be a more articulate and passionate exponent of his adopted faith than those who are to their nationalism born." Dit het by uitstek vir Verwoerd gegeld: "Paradoxically, his foreign birth qualified him in a unique way to become the most stubborn and unyielding Afrikaner leader of his time."²⁵

Die talle bewerings dat Verwoerd sy bes probeer het om 'n super-Afrikaner te wees, en wel omdat hy nie as Afrikaner gebore is nie, is uiteraard problematies. Van die afleidings is blote gissings en nie wetenskaplik gefundeerd nie. Stawende getuienis ontbreek in baie gevalle. Daar is dus 'n dun skeidslyn tussen feit en fiksie. Verwoerd se intense dryfkrag en passievolle Afrikanerskap kan nie bloot aan sy Nederlandse geboorte toegeskryf word nie.

²¹ Dirk Richard, *Tussen bid en droom - 'n koerantman het albei nodig* (Pretoria, 1986), p. 7.

²² Dan O'Meara, *Forty lost years. The apartheid state and the politics of the National Party 1948-1994* (Ohio, 1996), pp. 92-4.

²³ Henry Kenney, *Power, pride & prejudice. The years of Afrikaner Nationalist rule in South Africa* (Johannesburg, 1991), pp. 102, 110.

²⁴ Henry Kenney, *Architect of apartheid. H.F. Verwoerd - an appraisal* (Johannesburg, 1980), omslag.

²⁵ Kenney, *Architect of apartheid*, pp. 20-1.

Allister Sparks het op hierdie tema uitgebrei: "The feeling of constantly having to prove one's commitment to a community, of never being able to wear one's nationalism lightly, often causes an adopted outsider to acquire his people's prejudices in distilled form. **Plus royaliste que la reine.** It was no mere coincidence that Napoleon was born a Corsican, Hitler an Austrian, Stalin a Georgian. Or Verwoerd a Hollander."²⁶

Dawie van **Die Burger** (destyds redakteur Piet Cillié), wys ook daarop dat dit niks eienaardigs is "dat figure wat deur hul afkoms eintlik aan die rand van 'n nasie staan, uiteindelik na die sentrum beweeg en beskou raak as die uitdrukking van nasionale wese en strewende nie. Napoleon, die Korsikaan; Hitler, die Oostenryker; Stalin, die Georgiër ... in verskillende grade is hulle almal voorbeelde van dieselfde verskynsel: dat die oorspronklik ontpiepte deurdring tot die kern van die tipiese en dit vertolk op 'n manier wat nie geëwenaar kan word deur 'n ou en daarom minder selfbewuste lid van die gevestigde gesagsorde nie."²⁷

Verwoerd was, aldus Garry Allighan, "like many great figures in world-history, a bigot: a man with fixed-focus vision, fanatically incapable of perceiving anything but his goal; or much beyond it. It was such bigotry that made historic figures - from the Caesars to Napoleon, Hitler to Verwoerd - historically great; also historical failures ..."²⁸

Die vergelyking van Verwoerd met Napoleon, Hitler en Stalin is eweneens problematies. Hierdie gelykstelling behoort met groot omsigtigheid hanteer te word. By sommige outeurs kan daar 'n element van moedswilligheid wees, as sou Verwoerd en hierdie drie diktators ideologies voëls van enersere vere wees. 'n Meer genuanseerde ontleding sou hier van pas wees.

Piet Cillié het verder geglo dat daar 'n "patologiese element" was in Verwoerd se benadering van rassesekeiding. Vir Cillié het dit gelyk "na 'n potensieel belangriker faktor in sy gedrag as sy Nederlandse afkoms. Miskien was daar 'n soort wisselwerking tussen die twee."²⁹

²⁶ Allister Sparks, **The mind of South Africa. The story of the rise and fall of apartheid** (Londen, 1994), p. 193.

²⁷ **Die Byvoegsel tot Die Burger**, 10 September 1966.

²⁸ Garry Allighan, **Verwoerd - the end** (Kaapstad en Johannesburg, 1961), p. xii. Maj. P van der Byl, LV vir Groenpunt, het Verwoerd bestempel as 'n gevaar vir Suid-Afrika, omdat hy die land "van buite" lei. In dié verband het hy hom vergelyk met Napoleon en Hitler. (**Debatte van die Volksraad**, 31 Maart 1957, kol. 3370).

²⁹ Brieue van PJ Cillié aan HO Terblanche, 24 Januarie 1999 en 8 Maart 1999.

As immigranteseun sou Verwoerd hom volkome met die Afrikaners vereenselwig, in só 'n mate dat hy nie net deur hulle as 'n mede-Afrikaner aanvaar is nie, "maarselfs 'n simbool van Afrikanerskap geword het", aldus DJ Kotzé.³⁰ In die woorde van WA de Klerk, Verwoerd "had become Afrikanerdom's most articulate and vital exponent".³¹ Verwoerd sou 'n Afrikaner-volksleier word, ten spyte van die feit dat daar geen Voortrekkerbloed in sy are gevloei het nie. Dit kan volgens Alexander Hepple daaraan toegeskryf word dat "he had completely integrated himself into the Afrikaner community; he had devoted his talents and his career to furthering the cause of Afrikaner nationalism ..."³²

Dr. N Diederichs, die destydse Staatspresident, het in 1975 die eerste HF Verwoerd-gedenklesing gelewer. Hy het verklaar dat Verwoerd, ondanks sy vreemde herkoms, so één geword het met die Afrikanervolk, "dat daar geen verskil tussen hom en die Afrikanervolk gemerk kon word nie. Suid-Afrika was geheel en al sy een en enigste vaderland en alles wat eie was aan die Afrikaner - taal, kultuur, godsdien, lewensbeskouing, ensovoorts - het hy volkome tot sy eie gemaak." Hy het homself dus geheel en al met die geestelike waardes van die Afrikanernasie vereenselwig.³³ Kenney maak ook melding van Verwoerd se "intense identification with his adopted people, as well as his desire to be accepted by them. Verwoerd had to work at being an Afrikaner."³⁴

Volgens Allighan was Verwoerd "composed of self-contradictions ... His extreme Afrikanerism had no Afrikaner roots." Verwoerd sou die "leader of Afrikanerdom and the highest priest of South Africanism" word, al was hy "as indigenous to South Africa as a Venusian warlord".³⁵ Martin Meredith wys ook op die ironie van Verwoerd se Hollandse afkoms: "In view of the importance that Afrikaner nationalists attached to their own history, it was a considerable irony that the most powerful leader they were ever to find had no place in it."³⁶ Die joernalis JR Neame het ook opgemerk dat Verwoerd, "an Afrikaner by adoption with no claim to Boer tradition, became as powerful and as loved a patriarch as Paul Kruger".³⁷

The Star het na sy dood geskryf dat Verwoerd ongetwyfeld 'n poiltieke genie was: "Though not himself South African-born, he had an unerring instinct for South African and particularly for Afrikaner sentiment and knew to within a fraction how

³⁰ DJ Kotzé, *Positiewe nasionalisme* (Kaapstad, 1968), p. 30.

³¹ WA de Klerk, *The Puritans in Africa: a history of Afrikanerdom* (Middlesex, 1976), p. 240.

³² A Hepple, *Verwoerd* (Middlesex, 1967), p. 12.

³³ N Diederichs, *Eerste H.F. Verwoerd-gedenklesing* (SABRA, 1975).

³⁴ Kenney, *Architect of apartheid*, p. 194.

³⁵ Allighan, *Verwoerd - the end*, p. xiv.

³⁶ Martin Meredith, *In the name of apartheid. South Africa in the postwar period* (Londen, 1988), p. 70.

³⁷ *Sunday Express*, 11 September 1966.

far he could lead or drive it."³⁸ Allister Sparks was van mening dat Verwoerd "epitomised Afrikanerdom. Perhaps because of his foreign origins he held its ideals and its prejudices in chemically pure form. He understood its moods and its aspirations and he became its Moses. He was the symbol of an idea and father-figure to a people."³⁹

Tog was Verwoerd vir sommige nooit eintlik 'n volbloed Afrikaner nie. Die politieke beriggewer van **Die Beeld** het na Verwoerd verwys as die verpersoonliking van die Afrikanervolk se lewenstryd: "Tog is dr. Verwoerd nooit deur die volk aanvaar as iemand persoonlik eie aan hom nie." Anders as die ander premiers van Suid-Afrika, 'is dr. Verwoerd nooit werklik opgeneem nie ... was dit asof daar altyd tussen hom en die mense om hom 'n sekere afstand bewaar gebly het, asof daar 'n sluier was tussen volk en leier ..."⁴⁰ **The Star** was ook van mening dat Verwoerd "is not a 'man of the people' as Nationalists would understand the term, and he is remote from the tradition of Afrikaner leadership built up over a century or more".⁴¹

Die **Sunday Express** het weer verklaar: "Of all the country's Prime Ministers, he is one of the most aloof and perhaps, because of this, one of the least understood. In a sense, destiny helped to make him the remote figure he is, since destiny decreed that he was not to be a man of the people ..."⁴² Jan Botha het in dié verband opgemerk "that the fact that he was not an Afrikaner in marrow and bone had something to do with his aloofness within the party, even at the height of his power". David Goodman brei hierop uit met sy stelling: "Verwoerd's unrelenting identification with the Afrikaners had its roots in a deep insecurity."⁴³ Kenney beweer dat Verwoerd "was an outsider, a man who could never wear his Afrikaner nationalism lightly ... As an Afrikaner by choice and not by birth, he must inevitably have had his moments of isolation, when he felt that he could never be quite like other Afrikaners. He could never be quite sure that Nationalists whom he had offended would not mutter to each other: 'What can one expect of a Dutchman?'"⁴⁴ Volgens O'Meara "many nationalists still privately referred to him as "die Hollander". O'Meara self verwys telkens na Verwoerd as "die Hollander". Vir hom was Verwoerd "the foreigner who was always right".⁴⁵

³⁸ **The Star**, hoofartikel, 8 September 1966.

³⁹ **Rand Daily Mail**, 10 September 1966.

⁴⁰ **Die Beeld**, 11 September 1966.

⁴¹ **The Star**, 3 September 1958.

⁴² **Sunday Express**, 28 Augustus 1966.

⁴³ Jan Botha, **Verwoerd is dead** (Cape Town, 1967), p. 34; David Goodman, **Fault lines. Journeys into the new South Africa** (Berkeley and Los Angeles, 1999), p. 141.

⁴⁴ Kenney, **Architect of apartheid**, pp. 20, 194.

⁴⁵ O'Meara, **Forty lost years**, pp. 92-6.

Die bewerings dat Verwoerd sy lewe lank 'n buitestaander was, is in baie gevalle bloot bespiegeling. Van hierdie interpretasies berus op spekulasie en nie noodwendig op feite nie. Ten spyte van Verwoerd se Nederlandse geboorte het hy later, uit 'n Afrikaner-nasionale oogpunt, een van Suid-Afrika se mees geliefde eerste ministers geword.

Die eertydse Nederlandse ambassadeur in Suid-Afrika, dr. Jan van den Berg, vertel dat n Afrikaner aan hom die volgende meegedeel het: "Wanneer ik het gevoel heb dat wij Afrikaners iets verkeerd doen, dan zeg ik nooit bij mijzelf: is het de Brit in ons, waardoor het so is gelopen, maar is het de Nederlander in ons die te kort is geschoten?"⁴⁶ In die laat tagtigerjare het Suid-Afrika se minister van Buitelandse Sake, mnr. RF Botha, ook verklaar dat hy hom skaam vir die Hollandse bloed wat in sy are vloei.⁴⁷ Dawie beweer dat die volwasse Hollander wat na Suid-Afrika verhuis, dikwels vind dat hy tot die einde van sy lewe vir die Afrikaners "die Hollander" bly. Indien die volwasse immigrant se kinders die Afrikaner in hul later jare irriteer, dan word die afkoms weer opgediep: "Dan word hulle weer 'die verbrande Hollander' ... aan wie tog eintlik geen salf te smeer is nie."⁴⁸

Die bekende digteres, Elisabeth Eybers, vertel dat haar vader erg verontwaardig was oor Verwoerd se apartheidspolitiek. Hy't gesê: "Soiets kan net 'n Hollander b-dink."⁴⁹ Eybers vertel ook dat haar vader op sy oudag verontwaardig was "oor die hardvogtigheid van allerlei diskriminerende reëls voorgeskryf deur 'daardie Hollander', soos hy Verwoerd genoem het."⁵⁰

Verwoerd se standvastigheid en onversetlikheid is direk gekoppel aan sy Hollandse afkoms. Pres. FW de Klerk vertel dat Verwoerd veral onbuigsaam was wanneer dit gekom het by die toepassing van sosiale segregasie, oftewel klein apartheid: "Dit was asof dr. Verwoerd - wat in Nederland, die land van dyke en dreigende onderwatersetting, gebore is - gevoel het dat die kleinste krakie in die apartheidswal enige oomblik 'n groot bres kon word wat uiteindelik sy noukeurig beplande sosiale ordening sou wegspoel."⁵¹ Sparks het die fundamentele grondslag van Verwoerd se filosofie soos volg saamgevat: "There could be no concessions to expediency. The integrity of principle was of supreme importance." Soos De Klerk gebruik hy ook die voorbeeld van die dyke: "To the Dutch-born Verwoerd, principles were like dikes: a breach anywhere, in sport, on beaches, in hotel accommodation, would

⁴⁶ Eschel Rhoadie, *Het derde Afrika* (Amsterdam, 1971), voorwoord, p. 26.

⁴⁷ GJ Schutte, *De roeping ten aanzien van het oude broedervolk. Nederland en Zuid-Afrika, 1960-1990* (Amsterdam, 1993), p. 5.

⁴⁸ *Die Byvoegsel tot Die Burger*, 10 September 1966.

⁴⁹ Ena Jansen, *Afstand en verbintenls. Elisabeth Eybers in Amsterdam* (Pretoria, 1996), pp. 133, 147.

⁵⁰ "Die taal van my verse", *De Kat*, Julie 1991.

⁵¹ FW de Klerk, *Die laaste trek - 'n nuwe begin* (Kaapstad, 1998), p. 58.

widen into a flood of uncontainable demands that would culminate in the dreaded swamping of one-person-one-vote."⁵²

Paul Sauer, 'n senior kabinetsminister, en Verwoerd sou nooit persoonlike vriende word nie en het dikwels agter die skerms gebots, veral vanweë Verwoerd se unieke Hollandse "geaardheid", aldus Sauer se biograaf, wat Verwoerd as volg tipeer: "Sy afkoms is hiper-ortodoks, konserwatief, onbeweeglik; hy is 'n onmiskenbare Gereformeerde Fries ... wat, as hy oortuig is hy is reg, nooit sal toegee dat hy verkeerd is nie."⁵³ Dawie van Die Burger het vir Afrikaners wat met Nederlanders in gesprek wou tree, die volgende advies gegee: "Omtrent alles wat jy glo oor die Nederlander se eiegeregtigheid, reglynigheid en hardkoppigheid, is waarskynlik ewe waar van jouself. Jou botsings met hom is des te skerper omdat hulle temperamentel so eenders is."⁵⁴

Die feit dat Verwoerd in Nederland gebore is, het ook in 'n breër historiese verband betekenis gehad. Die Nederlanders het tydens die Anglo-Boereoorlog op 'n uiters simpatieke wyse met die Afrikaners meegeleef. In Nederland is diep en ernstig gebid dat God die oorwinning aan die Boeremagte sou skenk. (Die Afrikaner het sy oorwinning uiteindelik in 1961 met Republiekwording gesmaak.) GD Scholtz vat die betekenis hiervan soos volg saam: "En wat seker niemand kon voorsien het nie, is dat die eindfase van hierdie oorwinning behaal is onder leiding van iemand wat in die oorlogsjare in Nederland gebore is. Dit is dr. H.F. Verwoerd."⁵⁵

Die Nasionale Party het sy goue jubileum in 1964 gevier. Die feit dat sy destydse hoofleier in Nederland gebore is, was vir die **Sunday Times** nie sonder betekenis nie: "For although the National Party was formed 50 years ago, its real birth goes back two centuries and more to those men from Holland who steadily and constantly edged their way into the vast interior of South Africa."⁵⁶

Nederland se noue bande met Suid-Afrika word verder onderstreep deur die feit dat Jan van Riebeeck die blanke beskawing aan die Kaap gevestig het en dat die grondlegger van die Republiek van Suid-Afrika, Hendrik Verwoerd, ook 'n gebore Nederlander was. Wat Suid-Afrika betref, word Nederland dus regstreeks gekoppel aan die twee groot "vloekwoorde" van die twintigste eeu, naamlik "kolonialisme" en "apartheid". Dit opsigself was vir die Nederlanders 'n pynlike verleentheid.⁵⁷

⁵² Sparks, pp. 201-2.

⁵³ De Villiers, Paul Sauer, p. 121.

⁵⁴ Die Burger, 26 November 1964.

⁵⁵ GD Scholtz, *Nederlander en Afrikaner* (ongepubliseerde manuskrip, 1970), p. 76.

⁵⁶ *Sunday Times*, News Magazine, 12 Januarie 1964.

⁵⁷ *The Citizen*, hoofartikel, 22 Oktober 1990. Kyk ook Garry Allighan, *Zuid-Afrika. Een nationaal drama met voorspel* (Gorinchem, 1962), voorwoord.

Verwoerd was nou wel gevoelig oor sy Hollandse afkoms; tog kon hy die feit dat hy uit 'n Hollandse huis spruit nie verberg nie, omdat dit in sy eetgewoontes weerspieël is. Annatjie Boshoff, jarelank die privaatsekretaresse van mev. Verwoerd, vertel dat hy baie lief was vir seekosse soos harings uit 'n balie, kreef, perlemoen en selfs seegras-jellie. Veral as hy siek was met 'n swaar verkoue-griep, het hy graag harings geëet en is dit soms spesiaal aangekoop.⁵⁸

Van Suid-Afrikaanse kant is 'n paar voorstelle gedoen dat Verwoerd ook in Nederland vereer moes word. Andries Cornelius het in 'n artikel in *Die Huisgenoot* oor Verwoerd se geboortehuis in Amsterdam (Jacob van Lennepkade 16) die voorstel gemaak dat hierdie woonhuis aangekoop word en as 'n verblyfplek vir Suid-Afrikaanse studente in Nederland gebruik word.⁵⁹ 'n Rubriekskrywer van *Die Burger* het dit "n "blink gedagte" genoem.⁶⁰ Ná Verwoerd se dood het prof. PJ van der Walt van die Universiteit van Suid-Afrika die gedagte geopper om naas die Van Riebeeckhuis in Culemborg 'n tweede Suid-Afrikaanse monument in Nederland in te rig. Sy voorstel dat die geboortehuis van Verwoerd in Amsterdam aangekoop word, is deur *Die Transvaler* ondersteun.⁶¹ 'n Leser van *Die Burger* het weer met die voorstel gekom dat daar 'n standbeeld vir Verwoerd in Amsterdam opgerig moes word. In sy geestesoog het hy nog die politiek naïewe visie gehad van Nederlandse kinders wat in die jare wat voorlê kransies gaan lê by Verwoerd se standbeeld in Amsterdam!⁶²

Nodeloos om te sê, nie een van hierdie voorstelle is ooit uitgevoer nie. Apartheid en die feit dat die res van die wêreld Suid-Afrika as 'n paria-staat beskou het, sou daar 'n stokkie voor steek. In die woorde van die sosioloog, JAA van Doorn: "De apartheid heeft Zuid-Afrika apart gezet. Geen land werd in deze eeuw zo drastisch geïsoleerd en geboycot: het stinkdier onder de naties."⁶³ Die Amerikaanse nuustydskrif, *Time*, het dit op 26 Augustus 1966 bondig saamgevat: "To most of the world, South Africa is the very symbol of racial conflict."

DEUR DIE OË VAN NEDERLANDERS

Verwoerd was vir baie Nederlanders 'n gehate staatsman, veral omdat hy die verpersoonliking was van die apartheidsbeleid. Die keerpunt uit 'n Nederlandse oogpunt was die gebeure by Sharpeville in 1960. Die dramatiese foto's op die koerante

⁵⁸ Annatjie Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds* (Kaapstad en Pretoria, 1974), p. 53.

⁵⁹ *Die Huisgenoot*, 7 Mei 1965.

⁶⁰ *Die Burger*, Van alle kante, 4 Mei 1965.

⁶¹ "Culemborg en Amsterdam", *Zuid-Afrika*, November 1966.

⁶² *Die Burger*, 19 September 1966.

⁶³ JAA van Doorn, *Een kwestie van overleven. Notities over Zuid-Afrika* (Amsterdam, 1991), p. 9.

se voorblaaie en die beelde op televisie het vir die Nederlandse publiek as 'n skok gekom. Daarom beweer Karel Roskam: "The Afrikaners were no longer the heroes of yesterday, but the white minority was now seen to be the perpetrator of heinous crimes."⁶⁴ In sommige Nederlandse koerante en tydskrifte "werd nu de Nederlandse oorsprong van het begrip apartheid en de Nederlandse herkomst van premier H.F. Verwoerd ernstig betreurd", aldus Maarten Kuitenbrouwer. Soos Peter ter Horst dit bondig saamvat: "De naam Verwoerd is de noemer van de apartheid."⁶⁵

Die Nederlandse skryfster, Mary Pos, wys daarop dat die pers, radio en televisie in Nederland feller as in byna alle ander lande, behalwe die kommunistiese lande, "reeds tijdens zijn leven tegen Dr. Verwoerd gefulmineerd hebben".⁶⁶ Sy noem Verwoerd dan ook "de meest aangevallen regeringsleider ter wereld". Pos, wat Suid-Afrika in 1966 besoek het, is op haar terugkoms in Nederland met die volgende vraag gekonfronteer: "En ... hebt u het 'BEESTMENS' Verwoerd nog gezien?"⁶⁷

Van die Nederlandse koerante was ook erg negatief oor Verwoerd ná sy dood in 1966. Die sosialistiese dagblad **Het Vrije Volk** het Verwoerd "één van de meest gehate politici van deze tijd" genoem. Hy was 'n fanatikus, "die in de meest letterlijke zin over lijken ging". Die Protestants-Christelike dagblad **Trouw** het die volgende onwaarheid in 'n opskrif verkondig: "Hollandse jongen vond apartheids-politiek uit." Volgens dié blad was Verwoerd "een discriminator en verdrukker van mensen ..." Soos **Het Vrije Volk** het **Trouw** ook Verwoerd se sogenaamde "nazi-verleden" beklemtoon. Die Rooms-Katolieke oggendblad **De Volkskrant** het die mening gehuldig dat Verwoerd 'n simbool geword het van "blanke superioriteit en overheersing van het land der gebaarde vaders".⁶⁸

Die anti-apartheidstryder, dr. JJ Buskes, het dit onomwonde gestel dat die wêreld nie armer is ná die moord op Verwoerd nie, want Verwoerd "heeft een kwade zaak gediend". Verwoerd was nie iemand wat die wêreld hoop gegee het nie. Nog mider was hy 'n edel man: "Ik vind het heengaan van Verwoerd geen verlies voor de wereld en ik zou oneerlijk zijn, wanneer ik deed alsof de dood van Verwoerd mij geschokt en ontroerd heeft."⁶⁹ Die onafhanklike maandblad onder redaksie van Nederlandse en Vlaamse immigrante, **Nieuws uit Zuid-Afrika**, het dan ook daarop

⁶⁴ Karel Roskam, "Dutch opposition to apartheid: facts and fallacies", in *Papers of Dutch anti-apartheid organisations 1959-1994* (Mayibuye Centre, Bellville, 1994), p. 63.

⁶⁵ Maarten Kuitenbrouwer, *De ontdekking van de Derde Wereld. Beeldvorming en beleid in Nederland, 1950-1990* (Den Haag, 1994), p. 216; Peter ter Horst, *De trek. Thuisland Zuid-Afrika* (Amsterdam, 1996), p. 93.

⁶⁶ Mary Pos, *Wie was dr. Verwoerd?* (Utrecht, 1967), p. 49.

⁶⁷ Pos, p. 7.

⁶⁸ Pos, pp. 53, 61, 66-7.

⁶⁹ *Het Vrije Volk*, 15 September 1966.

gewys dat Suid-Afrikaners hul moeilik kan voorstel "hoe donker en karikatuuragtig" die beeld is wat in die Nederlandse media van Verwoerd gevorm is.⁷⁰

Na die moord op Verwoerd het **De Telegraaf** 'n verslaggewer na Verwoerd se geboortehuis aan die Jacob van Lennepkade in Amsterdam gestuur. Die teenswoordige bewoner het die volgende oor die moord te sê gehad: "Ik kan er niet kapot van zijn. Iemand, die op zo 'n wijze discrimineert, verdient niet beter."⁷¹ Dr. Verwoerd se agterneef, ook Hendrik Verwoerd, 'n inesselaar van Ouderkerk aan de Amstel (waar die familie Verwoerd vroeër gewoon het), het in 'n onderhoud vermeld dat hy verneem het dat sy agterneef, die vermoorde premier, "een Hitleriaanse politiek" gevolg het. Daarom het hy "maar weinig bewondering voor dit verre familielid" gehad. Die berig het die opskrif gedra: "Geen familie om trots op te zijn."⁷²

Dié berig het 'n interessante nadraai gehad. In die volgende uitgawe van dié weekblad word melding gemaak van "een subtiel misverstand". Verwoerd se agterneef, Hendrik Verwoerd, het naamlik te kenne gegee dat hy te weinig van die politiek weet om 'n oordeel te kan vel oor Verwoerd se sogenaamde "Hitleriaanse politiek". Hy wou dus 'n regstelling in die koerant plaas. In plaas van Verwoerd te beskuldig het hy toe die volgende oor sy vermoorde agterneef gesê: "Dat deze Verwoerd het zo ver gebracht heeft, geeft hem toch wel een beetje familietrots."⁷³

Van die Nederlanders het ook baie positief oor Verwoerd gevoel. Ds. GA Zijderfeld van Middelburg het geoordeel dat Verwoerd "één van die grootste mannen van onze eeuw" was. Hy het die hoop uitgespreek dat Nederland nog vir Verwoerd sou uitnooi om 'n besoek aan sy geboorteland te bring en dat Verwoerd dan "een vorstelijke ontvangst" sou ontvang.⁷⁴ Zijderfeld het sy boek oor Suid-Afrika, wat in 1968 verskyn het, dan ook aan die nagedagtenis van dr. Verwoerd opgedra. Daarin verwys hy na Verwoerd as "deze wijze staatsman en oprechte christen". Vir die Afrikaner het Zijderfeld groot bewondering gekoester: "Ons broedervolk in Zuid-Afrika is het beste te vergelijken met Holland uit de tijd van De Ruyter en Tromp." Suid-Afrika het ook sy eie helde, onder andere "de geniale Verwoerd".⁷⁵

Vir die Nederlandse joernalis, Bas Goedhart, was Verwoerd 'n man wat die bevolkingsgroepe van Suid-Afrika "als een vader hadden leren kennen ..." Verwoerd, seun van Hollandse ouers, was die man wat Suid-Afrika rassevrede gegee het: "Dié

⁷⁰ Nieuws uit Zuid-Afrika, 30 November 1966.

⁷¹ Pos, p. 8.

⁷² Ouderkerksch Weekblad, 8 September 1966.

⁷³ Ouderkerksch Weekblad, 15 September 1966.

⁷⁴ Ellanden Nieuws, 19 Januarie 1965.

⁷⁵ GA Zijderfeld, *Ons Broedervolk* (Utrecht, 1968), pp. 56, 145. Kyk ook *Ellanden Nieuws*, 24 Mei 1968.

man was Holland en Zuid-Afrika op hun best.⁷⁶ Suid-Afrika se ambassadeur in België, FS Steyn, het in sy huldeblyk ook gemeld dat Verwoerd "n sintese van Europa en Afrika" was.⁷⁷ Dr. L. Roeleveld, 'n Nederlandse emigrant, het dit betreur dat premier Verwoerd nooit die eer gehad het om as gebore Nederlander 'n besoek aan sy geboorteland te bring nie.⁷⁸

Prins Bernhard van Nederland het dit besonders gevind dat Suid-Afrika se Eerste Minister in Nederland gebore is - die enigste Nederlandse emigrant in die buiteland wat nog ooit so 'n hoë amp beklee het.⁷⁹ Dr. Jan van den Berg, jarelank Nederlandse ambassadeur in Suid-Afrika, het "alle eerbied" vir Verwoerd gehad. Ook hy verwys na die unieke posisie wat Verwoerd inneem: "Waar ter wereld is ooit iemand van Nederlandse geboorte Eerste Minister geworden, behalve dan in Zuid-Afrika?"⁸⁰ Die redaksie van *Nieuws uit Zuid-Afrika* het ook die vraag gevra waarom Soekarno van Indonesië 'n uitnodiging gekry het om Nederland te besoek en Verwoerd nie? Verwoerd is immers in Nederland gebore en "ieder ander volk zou trots zijn wanneer iemand uit zijn midden eerste zou worden over een stamverwant volk". Volgens dié blad hoef dit nie 'n staatsbesoek te wees nie.⁸¹ Die versugting dat Verwoerd "toch ook een zoon van ons volk" was, is geopper deur 'n leser in die *Rotterdammer*.⁸²

Woordvoerders van politieke partye in Nederland het Verwoerd se rol as premier van Suid-Afrika én die sluipmoord op hom vergelyk met dié van Willem van Oranje (prins Willem I). Willem van Oranje word in die geskiedenis gesien as die grondlegger van die Nederlandse staat en as "Vader des Vaderlands". Dieselfde rol is ook aan Verwoerd toegedig ten opsigte van Suid-Afrika. Beide dié staatsmanne het aan die hand van 'n sluipmoordenaar gesterf.⁸³ Verwoerd was "voor zijn volk een wijze, onkreukbare vaderfiguur, zoals prins Willem I van Oranje", aldus C de Jong.⁸⁴ Bas Goedhart noem Verwoerd se moordenaar (Tsafendas) "een 20ste-eeuwse Balthasar Gerards".⁸⁵

⁷⁶ BN Goedhart, *Zuid-Afrika op de tocht. De verhouding tussen Zuid-Afrika en Nederland* (Goes, 1975), p. 109.

⁷⁷ *Nieuws uit Zuid-Afrika*, Oktober 1966 (Uitgawe van die Ambassade van Suid-Afrika te Brussel). Pos, pp. 95-6.

⁷⁹ "Prins Bernhard het warm hart vir Suid-Afrika", *Die Byvoegsel tot Die Burger*, 3 Augustus 1963.

⁸⁰ "De betrekkingen tussen Zuid-Afrika en Nederland", *Zuid-Afrika*, Junie 1963.

⁸¹ "Soekarno of Verwoerd?" *Nieuws uit Zuid-Afrika*, 1 Oktober 1963.

⁸² *Rotterdammer*, 20 September 1966.

⁸³ "Hollanders vergelyk Verwoerd met Willem die Swyger", *Dagbreek en Sondagnuus*, 25 September 1966.

⁸⁴ C de Jong, "Dr. H.F. Verwoerd, staatsman en vaderfiguur", *Nieuws uit Zuid-Afrika*, 30 November 1966.

⁸⁵ Goedhart, p. 109.

Verwoerd het ook, soos reeds genoem, karaktertrekke eie aan die Nederlanders getoon. Hieroor skryf die NRC as volg: "Wij herkennen in hen (Verwoerd en de zijnen) een dogmatisme en een gebrek aan soepelheid, die ook tot de karaktertrekken van ons volk behoren. Wanneer wij Afrikaanders horen spreken over het Goddelijke recht ... dan worden wij onweerstaanbaar herinnerd aan soortgelijke uitspraken die, nog niet eens zo lang geleden, met betrekking tot Nederlands soevereiniteit over zijn koloniën werden gedaan."⁸⁶ Die **Nieuwe Tilburgse Courant** meld dat Verwoerd van die goeie trekke van die Nederlander nie veel oorgehou het nie: "Slechts de koppigheid schijnt hem te zijn gebleven. Verbeten vecht hij voor de apartheidspolitik, die onuitvoerbaar is."⁸⁷ **De Telegraaf** het toegegee dat die foute wat Verwoerd gemaak het ten dele voortspruit uit "de onvertelbaarheid en het fanatisme, die de Zuidafrikanen misschien wel van Hollandse voorouders hebben geërfd".⁸⁸

Die voorwoord van Zijdeveld se boek is geskryf deur Verwoerd se skoonseun, ds. CWH Boshoff. Hy het die meer positiewe belig en gekonstateer dat Suid-Afrika Nederland dankbaar is vir hierdie immigrantesem: "Wat skoon en edel was uit die Nederlandse erfenis is weer opnuut in hom verpersoonlik ..."⁸⁹

Van die Nederlandse blaaië het geoordeel dat Verwoerd se Nederlandse afkoms y nasionalisme meer vurig gemaak het en sy Afrikanerskap meer intens. **Zuid-Afrika** skryf in dié verband: "Het nationalisme van hen, die oorspronkelijk tot een andere, zij het als in dit geval verwante natie behoorden, draagt soms juist daardoor een meer bewust en vuriger karakter dan dat van degenen, voor wie het in hoofdzaak een kwestie van traditie is."⁹⁰ Verwoerd is dus 'n voorbeeld van 'n volkome geassimileerde Afrikaner. Soos die **Elseviers Weekblad** dit stel: "Een Amsterdammer, die zeer jong in Zuid-Afrika kwam, welk land hij vurig liefkreeg. Deze liefde heeft zijn leven beheerst, en, met zijn geloof, zijn denkbelden gevormd."⁹¹ Stan Verschuuren was van mening dat Verwoerd ontwikkel het tot dié teoretikus van apartheid, waarskynlik omdat hy nie in Suid-Afrika nie maar in Amsterdam gebore is: "Hij had sich altijd een buitenstaander gevoeld en wilde zich waarmaken als Afrikaner. Verwoerd zag het als een uitdaging de scheiding der rassen daadwerkelijk tot stand te brengen ..."⁹²

⁸⁶ NRC, 20 Desember 1963.

⁸⁷ **Nieuwe Tilburgse Courant**, 31 Maart 1960.

⁸⁸ "Bij de dood van dr. H.F. Verwoerd", **Nederlandse Post**, September 1966.

⁸⁹ Zijdeveld, **Ons Broedervolk**, p. 9.

⁹⁰ **Zuid-Afrika**, Oktober 1958.

⁹¹ **Elseviers Weekblad**, 10 September 1966.

⁹² Stan Verschuuren, **Zuid-Afrika. Ontstaan en ontwikkeling van de apartheid** ('s-Gravenhage, 1990), p. 85.

Die Nederlandse regering het die volgende boodskap aan die Suid-Afrikaanse regering gestuur ná Verwoerd se dood: "Die Nederlandse regering, diep geskok deur die gebeurde, het met afsku kennis geneem van die lafhartige moord op premier Verwoerd."⁹³ Geen melding is gemaak van Verwoerd se Nederlandse afkoms of die rol deur hom gespeel nie.

Geen herdenkingsdiens is vir Verwoerd in Amsterdam, die stad waar hy gebore en gedoop is, gehou nie. Die raad van die Gereformeerde Kerk in Amsterdam het geweier om die Funen-kerk ter beskikking te stel. Die inisiatief vir die diens is geneem deur die Nederlands Zuidafrikaanse Werkgemeenschap (NZAW), wat in 1963 gestig is om begrip vir apartheid in Nederland te wek. Die NZAW het juis op hierdie kerkgebou aan die Zeeburgerstraat besluit omdat Verwoerd indertyd daar gedoop is deur ds. NA de Gaay Fortman. Die raad het egter besluit om die kerk nie beskikbaar te stel vir 'n herdenkingsdiens nie, omdat Verwoerd se "omstreden politiek" moontlik ter sprake sou kom en die indruk na buite gewek kon word dat die Gereformeerde Kerk "achter deze politiek staan". 'n Verdere beweegrede was die volgende: "Ook wilde het moderamen niet dat in Amsterdam, waar toch reeds spanningen bestaan, protestacties zouden worden georganiseerd met het kerkgebouw als middelpunt."⁹⁴ Hierdie is 'n verwysing na die provo's wat toe in Amsterdam opstandig was.⁹⁵ ('n Herdenkingsdiens vir Verwoerd is nietemin in Londen gehou en wel in die geskiedkundige Nederlands-Hervormde Kerk in Austin Friars.)

'n Herdenkingsdiens vir Verwoerd is wel in die Evangelisch Lutherse Kerk in Kaapstad gehou. Die diens is deur ruim 350 Nederlanders bygewoon, waaronder die Nederlandse ambassadeur, EJ baron Lewe van Aduard.⁹⁶ Die kille houding van Nederland by die dood van Verwoerd, het tot gevolg gehad dat die Nederlandse gemeenskap in Suid-Afrika besluit het om 'n Verwoerd-gedenkfonds te stig.⁹⁷

Die gedagte wat geopper is dat Suid-Afrika die geboortehuis van Verwoerd in Amsterdam moes koop, het soos te verwagte nooit gerealiseer nie. Die maandblad, **Zuid-Afrika**, was glad nie geesdriftig oor die voorstel nie, want "de naam van de overleden eerste minister valt nog moeilijk los te koppelen van de actuele politiek..." Verwoerd se geboortehuis val dus kennelik in 'n ander kategorie as die Van Riebeeckhuis in Culemborg.⁹⁸

⁹³ *Die Burger*, 9 September 1966.

⁹⁴ *De Volkskrant*, 22 September 1966.

⁹⁵ Pos, pp. 63, 109. Kyk ook Abraham H de Vries, *Joernaal uit 'n gragtehuis* (Kaapstad, 1968), pp. 78-83.

⁹⁶ *Neerlandia*, 1966, p. 162; *Nederlandse Post*, September 1966.

⁹⁷ *Zuid-Afrika*, Oktober 1966.

⁹⁸ "Culemborg en Amsterdam", *Zuid-Afrika*, November 1966.

Mary Pos se boek oor Verwoerd, waarna reeds vroeër verwys is, het heelwat reaksie in Nederland uitgelok. Sy het met dié boek gepoog om die meer positiewe kant van Verwoerd te belig. Die boek moes dus as teenvoeter dien vir die venynige aanvalle in Nederland op die apartheidsbeleid en op Verwoerd, wat die versinnebeelding was van die blanke in Suid-Afrika se stryd om homself te handhaaf. Sy het veral die skynheiligheid en die dubbele standaarde ten opsigte van Suid-Afrika aan die kaak gestel. Uit 'n geskiedenis-oogpunt gesien, lê die meriete van die boek veral in die lang onderhoud van byna twee uur wat Pos met Verwoerd gevoer het. Die onderhoud is volledig gerapporteer in hoofstuk IX van die boek. Die merkwaardige van dié onderhoud is dat Verwoerd hom breedvoerig uitgelaat het oor Suid-Afrika se betrekkinge met Nederland.

Die boek het 'n gemengde reaksie in die Nederlandse pers uitgelok. Die **Haagse Post** het in 'n lang onderhoud met Pos na haar verwys as "een felle aanhangster" van die apartheidspolitiek. Wat was Pos se motief vir die skryf van die boek? Sy vertel: "Uit protest! ... Uit protest teen de verwording van de Nederlandse journalistiek, de goede niet te na gesproken. Gewetenloze laster, niet alleen slechte voorlichting en misleiding, maar de puurste laster, daar beschuldig ik ze van. Knechting van onze geestelijke vrijheid is wat hier gebeurt, mondsnoeren, doodswijgen, afkraken ... je mag niets zeggen dat in strijd komt met de mening van een bepaalde categorie mensen." Sy meld dan ook dat haar boek "wordt door de rode pers doodgeswegen".⁹⁹

Neerlandia het ook daarop gewys dat sommige Nederlanders, veral onder die invloed van die radio en televisie, hul graag bemoei met wat in ander wêrelddele gebeur: "Zonder kennis van zaken spuien zij hun (voor-)oordelen en door hun grote gehoor of bekijks, bevorderen zij het ongenueanceerd denken in schablonen, de vorming en handhaving van stereotype opvattingen ..." Pos se oogmerk was om "het beeld van deze Zuidafrikaanse politicus (Verwoerd) te zuiveren van alle leugenachtige trekken ..." en om die "stereotype-denken" oor Suid-Afrika te deurbreek.¹⁰⁰

Die **Goois Nieuwsblad** meld dat Pos "een even moedig als bewogen boek" geskryf het. Dit is 'n "goed gedocumenteerde boek" en "een belangwekkend en boeiend document".¹⁰¹ Pos "ontzenuwt de dikwijls boosaardige propaganda, die over Zuid-Afrika wordt uitgestort ...", aldus **De Telegraaf**. Sy doen dit bekwaam en open-

⁹⁹ **Haagse Post**, g.d.

¹⁰⁰ **Neerlandia**, 1967, p. 202.

¹⁰¹ **Goois Nieuwsblad**, 13 Oktober 1967.

hartig.¹⁰² Die **Friesch Dagblad** skryf ook dat die boek "een waardevolle bijdrage (is) voor het beter leren kennen van Zuid-Afrika en de problemen die dat land beroeren ..."¹⁰³

Karel Roskam was erg krities oor Pos se boek, 'n "typisch vrouwelijk" werk. Hy beskuldig haar daarvan dat sy 'n eensydige en onvolledige beeld van Verwoerd voorhou. Belangrike feite oor Verwoerd ontbreek. Pos moes ook meer kritiese vrae aan Verwoerd gevra het, aldus Roskam.¹⁰⁴

De Gooi- en Eemlander se resensie was baie krities. Die resensent het die volgende oor Pos se benadering te sê gehad: "Het is een visie, die gestaafd wordt met insinuaties, apert onjuiste interpretaties en feitelijke onjuistheden, doelbewust toegepast. Mede om de arrogante toon waarin het is gesteld, is het boek een onbruikbare discussiebijdrage ..." As 'n biografie oor Verwoerd is die boek ook 'n mislukking, aldus die resensent.¹⁰⁵

In haar reaksie op dié resensie het Pos voorbeelde gegee van onwaarhede wat in die Nederlandse media oor Suid-Afrika verkondig word; "... voorbeelden van journalistieke waanzin, die die dagen over ons land werden uitgestort". Die linkse media in Nederland duld nie 'n eerlike diskussie oor apartheid nie. Die media se reaksie in so 'n geval is een van "doodswijgen, mond snoeren, of afkraken", en dit "in het sgn. democratische Nederland". Van die lesers het na die resensie in **De Gooi- en Eemlander**, waarin 'n heftige aanval op Pos geloods is, verwys as "unfair, boosaardig en alle perken van journalistiek fatsoen verre te buiten gaande".¹⁰⁶ Hieruit was dit duidelik dat die Nederlandse publiek skerp verdeeld was oor die Suid-Afrikaanse apartheidsbeleid. Dit was 'n aangeleentheid wat felle emosies gaande gemaak het.

Die Nederlandse skrywer, Henk van Woerden, het in sy boek **Een mond vol glas** die lewe van Verwoerd se moordenaar, Demitrios Tsafendas, gerekonstrueer. Van Woerden, wat sy jeugjare aan die Kaap deurgebring het, trek parallelle tussen Verwoerd, die seun van 'n emigrant, en Tsafendas, die swerwer, die buitestaander wat nêrens aanvaar is nie: "Verwoerd was een buitestaander in Afrika, een halfbakken Hollander, net als ik. De aanslag was een aangelegenheid tussen twee landverhuizers. Een halve Griek die een halve Nederlander vermoordde."¹⁰⁷

¹⁰² **De Telegraaf**, 31 Oktober 1967.

¹⁰³ **Friesch Dagblad**, 14 Oktober 1967.

¹⁰⁴ **Vrij Nederland**, 2 Maart 1968.

¹⁰⁵ **De Gooi- en Eemlander**, 25 November 1967.

¹⁰⁶ **De Gooi- en Eemlander**, 2 Desember 1967, 9 Desember 1967, 16 Desember 1967.

¹⁰⁷ Henk van Woerden, **Een mond vol glas** (Amsterdam, 1998), p. 15.

Van Woerden verwys na Verwoerd as "de vader des volks", "die kaaskop met de varkensneus" en "de eigentijdse Mozes van de Afrikanerstem". Verwoerd se Hollandse afkoms sou tydens sy parlementêre loopbaan "enigszins een tere plek worden"; hy was iemand "die niet meer aan zijn buitenlandse wortels herinnerd wilde worden". Verwoerd "had zijn geadopteerde volk naar huis gebracht", maar tog is daar van sy partygenote wat kla "dat zijn versie van de apartheid alleen door een Hollander kon worden bedacht. Zijn voorstelling was te hardvochtig, te onbuigzaam en beginselvast." Van Woerden wys daarop dat Verwoerd "rechtlijnig" was, "en met een verbeterheid die alleen tegen het licht van zijn achtergrond valt te verklaren".

In sy boek benadruk Van Woerden die feit dat Tsafendas, hoewel hy duidelik geestelik versteurd was, tog ook gehandel het uit politieke motiewe. Die moord was 'n persoonlike daad met 'n politieke lading daaraan. 'n Paar uur na die moordaanslag het dr. I Sakinofsky, hoof van Groote Schuur-hospitaal se psigiatriese afdeling, Tsafendas ondervra. Op 'n vraag wie sy vyande is, het Tsafendas onder meer gesê: "Ik ben tegen Verwoerd. Hij is een buitenlander, niet ik." Hy het daarop gesinspeel dat Verwoerd, wat van apartheid 'n ideologie gemaak het, nie in Afrika tuisgehoort het nie: "Ik zie geen enkele vooruitgang voor ons Afrikanen." Tsafendas, wat van gemengde afkoms was, het 'n hekel aan die rassewette gehad: "Ik ben het oneens met de maatregelen (de immoraliteitswetten)."¹⁰⁸

Henk van Woerden het in 'n radio-onderhoud met Daniel Hugo genoem dat daar van sy kant wel 'n fassinasië was met die hele verskynsel (die verband tussen die twee name Verwoerd/Van Woerden). Van Woerden was van mening dat Verwoerd se Hollandse afkoms beslis 'n invloed moes gehad het op sy lewensuitkyk, onder meer sy reglynigheid. By Verwoerd was dit ook 'n geval van Roomser as die pous wees.¹⁰⁹ In 'n onderhoud met Ingrid Glorie het Van Woerden ook verklaar dat die feit dat Verwoerd 'n immigrant was, "maakte hem veel strakker in de leer dan de blanke Zuid-Afrikanen zelf. Als immigrant heb je een verscherpt besef van te moeten aansluiten bij de heersende toestand in het land van aankomst. Verwoerd heeft een rechtvaardiging voor de apartheid gevonden, een logische manier van argumenteren, waarvan ik me afvraag of de Zuid-Afrikanen daar zelf ooit opgekomen waren. Die ideologie stierf uit met zijn dood. Daarna was men eerder bereid tot compromissen."¹¹⁰

¹⁰⁸ Van Woerden, pp. 13-22, 168-9. Kyk ook *De Kat*, Junie 1999; *Vrij Nederland*, 16 Januarie 1999; *Algemeen Dagblad*, 28 November 1998.

¹⁰⁹ Onderhoud gevoer deur Daniel Hugo, *Radio Sonder Grense*, Leeskring, 8 Junie 1999.

¹¹⁰ Ingrid Glorie, "Soms denk ik: 'Ja, maar in het Afrikaans zou dit toch lekker veel beter hebben geklonken'", *Tydskrif vir Letterkunde*, Mei 1999.

SAMEVATTING

Verwoerd se Hollandse afkoms was 'n faktor wat wel deeglik in ag geneem moes word wat Nederlands/Suid-Afrikaanse betrekkinge betref. Dit het byvoorbeeld ter sprake gekom in die paginaruil tussen **Trouw**, die Protestants-Christelike dagblad van Amsterdam, en **Die Burger**, 1963-1964; die voorgenome besoek van die De Gaay Fortman-missie aan Suid-Afrika, 1964-1965 en die besluit van die Nederlandse regering in 1965 om 100 000 gulden te skenk aan die Defence and Aid Fund (DAF) in Londen om "slagoffers van apartheid" te help (die sogenaamde "ton van Luns").¹¹¹

Verwoerd se Hollandse geboorte was ook 'n realiteit in die sin dat hy sensitief daarvoor was en dit nie aan die groot klok wou hang nie. Al was hy geen gebore Afrikaner nie, was hy tog vir alle praktiese doeleindes 'n volbloed Afrikaner.

Vanweë sy Nederlandse afstamming was hy baie sensitief vir Nederlandse kritiek op Suid-Afrika se rassebeleid. Hy sou ook enige inmenging van Nederland in Suid-Afrika se huishoudelike sake laak. Hy sou nie toelaat dat Nederland op enige wyse voorskriftelik teenoor Suid-Afrika optree nie. Tog het hy steeds die hoop gekoester dat die betrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika vriendskaplik van aard sou wees. Apartheid sou egter 'n stokkie daarvoor steek. In die woorde van Ad Biewenga: "Voor veel Nederlanders vormde Zuid-Afrika een beschamend anachronisme, een land waar overzeese staniverwanten op grote schaal zondigden tegen naoorlogse en post-koloniale morele verworvenheden. Geen land om vriendschappelijke banden mee te onderhouden."¹¹²

¹¹¹ HO Terblanche, "Dr. H.F. Verwoerd se Hollandse afkoms; sy Achilleshiel?" (Referaat gelewer by die Tweede Bilaterale Konferensie van Nederlandse en Suid-Afrikaanse historici, gehou te Wasenaar, 6-8 Julie 2000); HO Terblanche, *Nederland en die Afrikaner: gesprek oor apartheid. Die paginaruil tussen Trouw en Die Burger, 1963-1964* (Port Elizabeth, 1998).

¹¹² Ad Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop. Een Nederlandse vestigingskolonie, 1680-1730* (Amsterdam, 1999), p. 10.